
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die vryheid van 'n volk word toegegooi maar nie begrawe.




Vereeniging was die bedding en nie die doodkis van ons vryheid.

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 27 MEI 1942. No. 29.

# Dienslaers Vir O.B.-Kommando's In Die Lewe Geroep

## Sal Vraagstukke Bestudeer en Gereeld Volksdiens Verrig

**Verdere uitbreiding van die Ossewabrandwag se bedrywighede het plaasgevind deur die stigting van diesnlaers in alle kommando's onder leiding van die O.B. se Voorligtingsdiens. Volksvraagstukke sal gereeld bestudeer word, terwyl in die praktyk volksdiens van allerlei aard verrig sal word.**

Daar sal herinner word dat die Offisierslaer (konferensie van hoofoffisiere) verlede jaar te Bloemfontein besluit het om die Ossewabrandwag so uit te bou dat alle beskikbare kragte ingeskakel en gekoördineer kan word ten opsigte van die volksbeleid en volksaksie en ten einde dit moontlik te maak verskillende vertakkings aanvullend van die Grootraad in die lewe te roep, o.a. volksbeleid, volkskultuur, volksekonomie, volkswelsyn en volksvoorligting.

Laasgenoemde vertakking in koördinasie met dié van volksbeleid, roep nou in die lewe die O.B.-voorligtingsdiens waardeur die O.B.-lede voorgelig word ten opsigte van die O.B.-beleid, en dit maak voorsiening vir lede-byeenkomste vir bespreking van alle volksvraagstukke en volksbeleid.

Vir hierdie besondere take sal kommando's of kleinere eenhede dan vir sulke geleenthede omskep word in **O.B.-dienslaers** vir die besondere doel van:

(1) Bespreking en bestudering van volksvraagstukke en daarmee in verband staande beleidsaangeleenthede, voortvloeiende uit en gebaseer op die beginsels vervat in die manifes van die Grootraad (wat gepubliseer was in *Die O.B.* van 29 April). Die onderwerpe vir bespreking en bestudering sal van tyd tot tyd deur middel van *Die O.B.* in volgorde gepubliseer word, en

(2) Vir die verrigting van sodanige praktiese volksdiens soos deur omstandighede vereis mag word en op 'n wyse soos aan die hand gedoen mag word deur die Voorligtingsdiens, aangepas by plaaslike omstandighede.

Al die nodige stukke wat as handleiding kan dien, sal in *Die O.B.* gereëld verskyn wat die lede in staat sal stel om dit te bestudeer en op die byeenkoms van hul kommando (of veldkornetskap) wat vir die doel as Dienslaers saamgetrek word, te bespreek.

Die Dienslaer word saamgetrek onder die bevel van die bevelvoerende offisier van die betrokke eenheid en onder sy toesig en leiding of dié van enigeen deur die bevelvoerende offisier vir die besondere taak aangewys.

Nader besonderhede verskyn eersdaags in ons kolomme en offisiere word beveel om dit te bewaar, saam met die reeds gepubliseerde manifes en stukke wat daarop gaan volg.

Meer breedvoerige behandeling van die grondbeginsels sal ook van tyd tot tyd in ,,Wapenskou'' verskyn.

## IN MEMORIAM

### Verlore Boerevryheid

**Op 31 Mei dink die Boerevolk terug aan die ondergang van die twee Boere-republieke by Vereeniging veertig jaar gelede. Wat in die harte van daardie manne omgegaan het wat onder die dwang van brute oormag en geweld die vryheid van hul volk moes wegteken, kan bes weerspieël word in die hoofstuk wat daardie oggend aan hulle uit die Woord van God voorgelees is: Klaagliedere van Jeremia hoofstuk 5 — daardie hoofstuk wat met die huiwerende vraagteken sluit — want ook in die donker siele van daardie vryheidstryders moes 'n vraagteken verrys het wat deur ons, wat vandag wandel in die lig van hoop, nie deurgrond kan word nie.**

**Ook vandag nog is daardie hoofstuk meer as ooit toepaslik: ,,Dink Here, aan wat oor ons gekom het, sien en aanskou ons smaad. Ons erfdeel het na vreemdes oorgegaan, ons huise na uitlanders . . . Die kroon het van ons hoof geval; wee ons, dat ons gesondig het . . .**

**,,U, Here, sit vir ewig, u troon is van geslag tot geslag. Waarom sal U ons vir altyd vergeet, ons verlaat tot in lengte van dae?''**

**Omdat ons glo — en hierdie geloof deur ons geskiedenis bevestig word — dat die bestaan van die Boerevolk in die Raadsplan van God ingeweef is, en hy dus nooit deur menslike geweld vóór volbrenging van sy roeping sal ondergaan nie, het die vraagteken vir ons vandag verdwyn. Ons weet nou die Boerevolk sal opstaan uit die as van vernedering.**

**Hy het reeds opgestaan.**

**Laat ons op 31 Mei rondom die huisaltaar bid dat die voorwaarde vir volkome vryheid ook ons deelagtig word: ,,Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons ons bekeer; vernuwe ons dae soos in die voortyd''** (vers 21).

## TWEE BASAARS LEWER £85

'n Basaar wat verlede week deur die kommando van Observatory (Kaapstad) gehou is, het die bedrag van £63 opgebring, terwyl die Kaapstadse kommando met 'n dergelike funksie op dieselfde aand £22 ingesamel het.

## BRANDWAGTE, AANDAG!

### Ledelyste Nie Gesluit Nie

**Die besluit dat ledelyste op 'n sekere datum sou sluit, soos die vorige jaar, is herroep. Die inskrywing van nuwe lede bly dus oop tot nadere kennisgewing.**

**Talle aansoeke om ingeskryf te word, word oral ontvang en offisiere word beveel om hierdie aansoeke te ooweeg en as die applikante goedgekeur word, in te skryf en in te deel in die aangewese eenhede.**

## WAARDERING VIR VROUE

Waardering vir die lofwaardige leiding van komdte. mev. S. W. van der Merwe van die Hou Koers-dameskommando, Bloemfontein, in verband met die versorging van gevangenes in die Bloemfonteinse tronk, word uitgespreek in 'n brief van mev. J. Z. van Niekerk (adjc.) namens die kommando.

Die O.B. spreek seker namens elke lid as hy nie alleen mev. Van der Merwe nie, maar al die flukse vroue in Bloemfontein, Pretoria en ander plekke waar dit gebeur het, die hartlikste dank betuig vir hul offervaardige diens aan ons volksgenote in hul verdrukking.




# Die Oorlog In Die Verre Ooste

Wat in Hongkong, Maleia, Singapoer, die Hollandse Oos-Indiese ryk en die Filippyne gebeur het, het ook in Birma gebeur. Hierdie ryk Britse kolonie en sleutel tot Indië en Tsjoenking-China het die jongste slagoffer van Japanse verowering geword. Japan wat selfmoord sou gepleeg het toe hy oorlogvoerend geword het — dit het ons dikwels in ons nuusberigte gelees en oor ons radio's gehoor — het vandag na vyf maande van oorlog 'n stuk wêreld verower wat tot die rykste en strategies-belangrikste van die aardbol behoort. Dit staan vas dat hierdie ontsaglike gebied met sy waardevolle grondstowwe op die oomblik vir die Geallieerde magte verlore is. In hoever die Japanners in hul huidige oorlogsvoering hierdeur gebaat is en in hoever die Brits-Amerikaanse bondgenote hierdeur geskaad is, sal die toekoms nog moet openbaar.

'n Vraag wat hom telkens voordoen is: waarom al hierdie nederlae in die Verre Ooste? Is ons dan nie herhaaldelik verseker dat Japan se oorlogspotensiaal maar swak is nie? Hy kon nie eers vir China onder die knie kry nie.

DIE NABETRAGTINGS

Na elkeen van die baie nederlae in die Verre Ooste word deur koerant-korrespondente pogings aangewend om hierdie nederlae te verklaar. So vind ons weer in die geval van die Birmaanse debakel dat 'n korrespondent van United Press in die Verre Ooste hom aan die ontleding van hierdie nederlaag waag (Sien koerante van 16 Mei). Met die Japanners voor hul poorte sou die Birmane in 'n waan van veiligheid verkeer het, en sou 'n gees van selfgenoegsaamheid in Birma geheers het. Birma sou dus blind gewees het vir die dreigende Japanse gevaar en sou dan ook totaal onvoorbereid op oorlog gewees het. Die Britte sou geen poging aangewend het om die Birmane se steun te verkry nie, sodat baie Birmane by die vyand aangesluit of passief gebly het.. Verder sou die Geallieerde magte te min en te swak toegerus gewees het. Die verbindingslinies sou te lank en onontwikkeld, die lugmag te klein gewees het. Die Birmaanse regering sou ook te swak gewees het om die land in oorlogstyd te bestuur.

Baie Birmane, veral die ondersteuners van die Thakin-party, sou na die Japanners oorgeloop het, sou sabotasie gepleeg, sou gemoor en skrikaanjagend opgetree het en die huise aan brand gesteek het van diegene wat die Geallieerde troepe van voedsel en gidse voorsien het, ens., ens.

DIE WARE OORSAKE

Aan jeremiades soos dié van die korrespondent van United Press, en gewoonlik voorafgegaan deur spoggerige grootpratery, raak 'n mens by hierdie tyd reeds gewoon. Dit was dieselfde ou storie by Hongkong, Maleia, Singapoer, die Filippyne en Java, en dit is nou weer die geval in Birma. Hoewel hierdie nabetragtings van oorlogskorrespondente gewoonlik 'n kern van waarheid bevat, veral as die waarheid nie langer as 'n geheim bewaar kan word nie, tog word daar 'n hele boel verswyg. Dat die Oosterlinge in hierdie oorlog nie hul westerse meesters of voogde geesdriftig ondersteun nie, behoort reeds duidelik te wees. Daar skyn 'n gebrek aan weersydse vertroue te wees en dit is veral die geval in Birma. Dit is nie lank voor Japan in die oorlog gekom het dat die Britse regering 'n Birmaanse eerste minister op sy terugreis van Londen na sy eie land in hegtenis laat neem het nie. Die Birmane het hierdie geval seker nog nie vergeet nie. By hierdie gebrek aan weersydse vertroue is dit ook gewaag vir Brittanje om sy Oosterse onderdane te wapen en militêr te organiseer. Hierdie wapens mag miskien teen die moederland gebruik word.

Waar dit Brittanje dus ontbreek aan groot en goedtoegeruste Oosterse leërs om sy Oosterse ryk teen ander Oosterlinge te verdedig, daar sal hy moet staat maak op bondgenote en eie moederlandse strydmagte. En dis juis hier waar Brittanje se moeilikheid lê, 'n moeilikheid waarmee ook die Romeinse Ryk kort voor sy val te doen gehad het. Die kern van hierdie moeilikheid is dat Brittanje vandag nie in staat is, selfs nie met die hulp van magtige bondgenote nie, om in hierdie oorlog sy wêreldryk op alle plekke tegelyk met sukses te verdedig nie. Dit is 'n waarheid wat reeds meermale selfs deur Churchill uitgespreek is. Die tyd — die 19de eeu — toe Brittanje in alleenbesit van 'n wêreldkabeldiens, met 'n paar kanonbote sy ryk teen vreemde indringers met sukses kon verdedig, is verby. Die 20ste eeu met sy radio, sy vliegmasjien en sy duikboot het toestande radikaal verander. Verder het die opkoms van nuwe grootmoondhede soos Duitsland en Italië in Europa en Japan in die Verre Ooste vir Brittanje en sy ryk nuwe en gevaarlike mededingers besorg.

DIE KERNLAND VAN DIE RYK

Onder dit alles het Brittanje nog altyd die kernland van die Ryk gebly. As kernland moet aan Brittanje dan ook die meeste aandag met betrekking tot verdediging bestee word. Om dreigende gevare (Duitsland) van hierdie kernland af te weer, moet die hoofmag van die Ryk se verdediging in en om Brittanje saamgetrek word. 'n Groot gedeelte van die Ryk se strydmagte moet verder aangewend word om sy verbindingsweë (Middellandse See) oop te hou. Dit lê dus voor die hand dat die kernland (Brittanje) onder hierdie omstandighede nie oor genoeg magsmiddele beskik om die „perimeter", die verafgeleë omtrek van die wêreldryk met sukses te verdedig nie. Nog nooit in sy geskiedenis het die Britse Ryk dit so ongelukkig getref dat sy kernland gelyktydig met sy koloniale ryk so ernstig bedreig word as in hierdie oorlog nie. Vandaar dat Brittanje se hoop vandag in die eerste plaas gevestig is op sy bondgenote Amerika en Rusland.

J.A.W.


## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in........................

Naam:........................

Adres........................

(O.B. 27 Mei 1942) ........................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**
**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**
Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,
**JOHANNESBURG.**
Posbus 3512. Foon 22-3512.






**'N VOORBRAND PRODUK**
*TANS IN VIER*
VERPAKKINGS:
GEEL — lig
BLOU — middel
ROOI — ligswaar
GROEN — donkerpyp
**Voorbrand Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.**
Kommissarisstraat 200
JOHANNESBURG



## PORTERVILLE ROLLER MEULE

Eienaar: J. A. du Toit.

**Vars en Suiwer Koringmeel Altyd op Hande.**

Gemaal van die Beste Koring in die Westelike Provinsie.

Pryse: 200 pond vir 32/6
100 „ „ 16/9
50 „ „ 8/6

Eerlike Behandeling Gewaarborg.

**PORTERVILLE.**



VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
**DAMES-ROKKE**
besoek
**Steyns**
PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.

# Politiek In Demokrateland

III.

## PARTY ORGANISEER

(Eie Beriggewing.)

Die verkiesingsveldtog is in volle swang. Sors Eerlikheid het op aandrang van sy ondersteuners besluit om as onafhanklike kandidaat te staan, terwyl Piet Oorloper die amptelike kandidaat vir die Demokratiese Party is. Die Eenheidsparty, die Empire-party en Vredeparty het elk ook 'n kandidaat in die veld. Laasgenoemde se kanse is maar sleg, en die enigste party wat in die kans staan om die paal te haal, is die Eenheidsparty, na verklaar word. Hy het nie 'n ingevoerde kandidaat nie en daarby is Andries Eensgesind 'n baie gewilde man.

Die hooforganiseerder van die Demokratiese Party, advokaat Knoeier, het oorgekom om die veldtog in belang van Piet Oorloper te voer. Gisteraand het die verkiesingskomitee vergader om die veldtog te reël. Aan elke lid is 'n besondere taak opgedra.

,,Kyk vrinne," het adv. Knoeier gesê, ,,daar is twee aspekte van die stryd — die offensiewe en die defensiewe. Ons moet ons teenstanders aanval, ondermyn en breek, en verder hul aanslae op ons afweer, en onthou, aanval is die beste verdediging. Is Jan Snuffelaar hier? Nou ja, dit is sy taak om na al die argiewe dwarsdeur die land te gaan. Hy moet kyk of hy nie iets kan opspoor wat ons teen die karakter van Sors Eerlikheid en Andries Eensgesind kan gebruik nie. Hy moet veral probeer uitvind aan watter kant hul oupas geveg het tydens die kafferoorloë en waar hulle was tydens die rebellie."

,,Ja maar," val Gys Opreg hom in die rede, ,,Piet Oorloper was self aan die verkeerde kant tydens die rebellie, en sy oupa . . ."

,,Stil, dis wat die opposisie vertel, en hulle lieg," snou adv. Knoeier hom toe. ,,En buitendien, dis nie vir ons om te sê watter die verkeerde kant in die rebellie was nie. Die vraag is wie is in die meerderheid in hierdie kiesafdeling — die rebelle of die regeringsmanne?"

,,Ek dink hulle is omtrent so half om half," antwoord Gys.

,,Nou ja, dan is ons verdediging dat Piet Oorloper aan albei kante geveg het tydens die rebellie en sy oupa ook, of nog beter, dat hy glad nie geveg het nie — hy het gestudeer."

,,Ja maar daar is 'n portret waar hy saam met die regeringsmanne staan," opper Gys.

,,Uitstekend, uitstekend!" skreeu adv. Knoeier. ,,Kry vir ons daardie portret, dan wys jy dit op jou huisbesoek aan die regeringsmanne, en ek sal sorg dat ons 'n beëdigde verklaring van iemand kry wat sal sweer dat Piet Oorloper destyds in Europa was om te studeer, en dit kan dr. Heuningkwas aan die rebelle voorlees op 'n vergadering van oudstryders."

,,Sê nou hulle publiseer die portret?"

,,Dan publiseer ons die portret waar Sors met die glas wyn in sy hand die heildronk op sy dogter se troue ingestel het, en sê ons hy is 'n suiplap," doen Gawie Klaar Geleerd aan die hand.

,,Nee, dan sê ons hulle maak ons gevierde volksleier tot leuenaar, dat hulle 'n groot landseun beledig. Jy moet darem nie vergeet nie ons het 'n sterk pers, en jy moet die mense net laat verstaan dat as hulle aan die kandidaat vat, vat hulle aan die party, en as hulle aan die party vat, vat hulle aan ons geliefde leier, dr. Heuningkwas. (Hoor, hoor.)

,,Nou ja, laat ons nou oorgaan tot die geldsake. Haakneus Goudsak het £10,000 vir die verkiesing gegee. Nou moet julle nog 'n paar duisend pond by Gert Botterkop gaan vra. Belowe hom dat as die setel weer vakant is, hy kandidaat sal word, mits hy intussen leer om sy naam te teken. £12,000 is egter nog niks om 'n verkiesing te wen nie. Hoeveel arm mense is in hierdie kiesafdeling?"

,,Omtrent tweehonderd-en-tagtig gesinne," antwoord die voorsitter van die distrik se armesorgkomitee, ,,maar die meeste van hulle sal hulle nie laat omkoop nie, vrees ek."

,,O, ons vang hulle met ander kaf," troos adv. Knoeier, ,,en buitendien jy koop nie elkeen om nie. Jy probeer net die invloedrykes vang; sy suurdeeg werk dan deur. Soms is dit nog die rykstes wat die beste resultate lewer. Onthou egter dat waar jy 'n arm man help, jy so help dat jy weer moet help, want gee jy te veel, help jy hom dalk op sy voete en jy is hom die volgende keer kwyt."

(Word vervolg.)


AFRIKAANSE DANSPARTYE
Gereeld elke Vrydagaand
in
ADDERLEYSTRAAT 22
(Regoor Garlicks)
Musiek deur
PEET KRUGER
(Vroeër van HENDRIK SUSAN)
EN SY ORKES.
Toegang: dubbel 5/-, enkel 3/-.
Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.
Aanddrag verkieslik maar nie noodwendig.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:
Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.
Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.

Schoemannello-Drank
is
*DIE SUIWERSTE EN BESTE*
BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN
JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142, OUDTSHOORN.
en
ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| choemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| JENEWER .. | 6/- | 5/- | — |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| JENEWER-LIKEURS: | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

SCHOEMANNELLO-DRANK
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

DIE O.B., WOENSDAG, 27 MEI 1942.

# Isolasie Die Weg Na Volkome Vryheid

'n Afrikaanse hoogleraar, wie se uitsprake weens hul beweeglikheid oor die afgelope paar jaar heelwat aan gewig verloor het, het hom verlede week op 'n sogenaamde welwillendheidsbyeenkoms in Kaapstad iets laat ontval wat nie van alle belang ontbloot is nie.

Dit tref nie sy bewering dat Churchill vandag dieselfde stryd voer as Paul Kruger vir die Boerevolk nie — sulke verdoeselende onsin is blykbaar 'n noodsaaklike vereiste om die nodige welwillendheid tussen rasse in Suid-Afrika in die huidige tydsomstandighede voor te berei. Dit gaan oor die gebaarde klag dat ,,'n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap uit vrees dat hulle 'n waardevolle erfenis kan verloor, vashou aan 'n beleid van byna blinde isolasie (afsondering) in binne- en buitelandse aangeleenthede," en sy daaruitvoortvloeiende pleidooi dat albei ,,seksies" mekaar se kultuur moet deel en so volledig moontlik tweetalig word.

Net soos die Britse veroweringsbeleid noodsaaklikerwys verander moes word van kwaadwillige uitdelging tot ,,welwillende" oplossing van die Afrikanerdom, so het die Britse verengelsingsbeleid verander van gewelddadige onderdrukking tot soetsappige samesmelting.

**,,True Britishers."**

Afrikaners soos J. C. Smuts wat twee jaar na verowering van hul grondgebied deur Brittanje met die Engelse inwoners gewedywer het in hul lojaliteit jeens die Britse vlag en Britse kroon, was gewillig om ,,true Britishers" te word en in Suid-Afrika 'n verenigde volk onder die Britse vlag te skep. Dat die taal en lewenswyse van daardie verenigde volk Engels sou wees, het vir hulle geen saak gemaak nie, solank daar maar net rassevrede kon wees.

Aangemoedig deur hierdie vroeë sukses, het die Britse bewind gehoop dat die hele Boerevolk eerlang die weg van hierdie paar Boereleiers sou opgaan. Ongelukkig vir hulle het die meerderheid van die Afrikanerdom sy heil nie in onderwerping nie, maar in **isolasie** gesoek en gevind. **Dit was die gees van isolasie wat manne soos Hertzog, Beyers en verskillende kerklike leiers beweeg het om die stryd van moedertaalonderwys aan te knoop; dit was die gees van isolasie wat 'n De Wet en Beyers beweeg het om in 1914 na die wapen te gryp in 'n poging om die eer en vryheid van die Boerevolk te red wat besig was om te verdwyn onder die gebare van welwillendheid, en dit was die gees van isolasie wat die nasionale leiers beweeg het om die Nasionale Party te stig op die grondslag van gelyke regte — die tweestroombeleid wat in daardie tyd van onderwerping die eerste klip was na die oewer van Boerevryheid.**

Deur die isolasie-politiek van ons leiers is ons volk binne sy eie vaderland afgebaken om homself te bewaar. Danksy hierdie afsondering het 'n groot deel van die Afrikanerdom taal- en tradisievas gebly en kon hulle die inwerkinge van die Britse verengelsingsbeleid weerstaan.

**Nuwe Ontwaking.**

Onder die dak van isolasie kon die Afrikanerdom weer herstel van sy wonde en binne die vier mure van sy afgesonderdheid het die Afrikaanse vryheidsgees tot daardie suiwerheid ontwaak dat **hy tydens die Eeufeesvierings by Pretoria van 'n Engelse verteenwoordiger kon eis dat Afrikaanse feesgangers op hul eie terrein en rondom hul eie monument in hul eie taal toegespreek moet word . Hierdie voorval sal in die geskiedenis bekend staan as die keerpunt van die Afrikaanse vryheidstrewe.** Op daardie dag het die Afrikanervolk hom slaggereed gevoel om sy volle regte wat by Vereeniging onder die skaduwee van kanonne weggeteken was, te herstel. Die tweestroombeleid van die Nasionale leiers, wat 'n tydelike maatreël was, het uitgeloop op die vryheidstandpunt dat daar vir die Boerevolk **geen halvering** van regte kan wees wanneer hy die taak van volksroeping moet vervul nie. Dit is dan ook op hierdie nuwe standpunt wat die Ossewabrandwag hom stel as die verteenwoordigende organisasie van Jong Suid-Afrika wat, gesterk deur die jare van isolasie, tans opstaan om die kettings van Britse oorheersing van hom af te skud en sy onvervalste erfenis en toekomstaak te aanvaar.

**Nou ,,South Africans."**

Dit is sedert hierdie besliste ontwaking kenbaar begin word het, dat ons nie meer hoor van ,,true Britishers" nie, maar van ,,true South Africans" en dat ons ook verneem van welwillendheidsbyeenkomste! **Die Boeredom se opmars na volkome vryheid kan nie meer deur geweld gestuit word nie; nou moet dit afgekeer word na die woestyn van breedheid en welwillendheid waar ons nie meer sterk sal staan in ons afgesonderde suiwerheid nie, maar waar ons sal vervloei tot 'n tweeslagtige Suid-Afrikaanse volk, breed in ons tweetaligheid en wyd in ons oppervlakkigheid — volkome ongeskik om die roeping van Boer te vervul.**

Danksy die isolasiegees van die verlede en danksy die nuwe ontwaking wat deur die Ossewabrandwag gedra word, is daar geen rede vir vrees nie. Dit is nie meer die Afrikanerdom wat aan die verloorkant is nie, maar sy vyande wat besig is met 'n seëvierende terugtog na gelyke regte. Op die eenheidsbeginsel van die Ossewabrandwag, wat die bestaansreg van net één blanke volk met net één taal binne die grense van Suid-Afrika erken, sal die verlangde welwillendheid en gesogte rassevrede gevind word — die beginsel, naamlik, wat die onbelemmerde vryheid van die Boerevolk erken om homself te wees binne sy eie vaderland, en die vryheid van ander oplosbare vreemdelinge om opgeneem te word as lede van daardie Boerevolk. Dan sal dit wees: Engeland vir die Engelse, Suid-Afrika vir die Afrikaners!

En dan sal dit ook nie meer nodig wees om 'n beleid van isolasie ten opsigte van die buiteland te volg nie, want die Boerevolk as die heersers van Suid-Afrika sal die buitelandse volke dan op 'n voet van volkome gelykheid ontmoet, en nie langer as 'n vergunde halwe ,,seksie" van 'n Angelsaksiese bevolking in 'n Britse ,,Vrygewes" nie.

# Poedelnaakte Partypolitiek!

**'n Duidelike voorbeeld van die verregaande wanpraktyk van die partypolitiek word uit die volgende voorval tydens die jongste Senaatsitting geopenbaar. Dit toon helder en klaar tot hoe 'n uiterste mate die partypolitiek 'n volk verteer, tot so 'n mate dat verdrukte Afrikaners in tronke nie met volksliefde benader kan word nie, maar dat selfs hulle soos skaakmannetjies op 'n speelbord gebruik word om die eer en welvaart van 'n politieke party te verhoog.**

In die Senaat op 18 April, volgens Hansard, het senator Van Schalkwyk gepleit vir die gevangenes in Ficksburg se tronk, Afrikaners wat beskuldig staan dat hulle ,,drade geknip het". O.a. het hy (bladsy 2425) dit gesê: ,,Noudat ek aan geen party behoort nie, nou dat ek nie aan die H.N. Party behoort nie, word ek skielik gewantrou en mag ek nie die mense in die tronk gaan besoek nie, hoewel die lid van Winburg (adv. C. R. Swart) hulle kan gaan besoek en dit nie kwaad is as hy dit doen nie. As ek hulle besoek, is dit kwaad. Ek wil nie by die seuns in die distrik Ficksburg . . . propaganda gaan maak nie. Ek het nie na daardie seuns (in die tronk) gegaan om te kyk of ek politieke munt uit die saak kan slaan nie . . . Waarom ek wel gegaan het, was om te sien of dit nie moontlik was om 'n versagting van straf, na hulle skuld beken het, te probeer bewerkstellig nie . . ." Bladsy 2426: ,,Daardie seuns sit al twee en 'n half maand in die tronk en ek dink hulle is goed gestraf. Ek smeek die Minister van Justisie om daardie seuns weer op vrye voet te stel . . ."

Hierop het senator Bruckner de Villiers, van Stellenbosch, H.N. Party-lid en voorsitter van die Direksie van Die Burger, o.a. as volg (bls. 2437) geantwoord:

,,Daar is deur my vriend van persone wat onlangs kwaad in die land aangerig het, gepraat. As dit so is, en as daar werklik sodanige kwaad deur Afrikaners aangerig is, al is dit ook my broer wat kwaad aangerig het, **dan moet hy gestraf word . . .** Laat hulle 'n ligter straf kry, maar laat hulle gestraf word, **laat hulle**

(Vervolg op bls 5, kolom 1)

## OMKOM-POGING OP STELLENBOSCH

### Demokratiese Reaksie op Skertsery

Die Stellenbosse Studentekoerantjie, ,,Die Matie," wat die amptelike orgaan is van die A.N.S. (Afrikaanse Nasionale Studentebond) tak Stellenbosch, en wat oneindig veel doen ter voorligting van die studente in sosiale en nasionale aangeleenthede, het nou skielik die voorwerp van vervolging geword. Sy beleid is klaarblyklik te fris openhartig vir die ou skool van gedagte wat nie alleen alle humorsin mis nie, maar ook nie in staat is hom aan te pas by die volksontwaking uit die roes van die enge partypolitiek nie.

Die beginsels waarop 'n nuwe wêreldorde tans uitgebou word, word deur ,,Die Matie" op bewonderenswaardige wyse in sy kolomme met sukses bepleit en die ou orde soms baie tekenend met al sy tekortkominge geskets.

So het ,,Die Matie' 'onlangs die ou politieke skool gepla en in 'n luimige artikeltjie onder die opskrif: ,,Hulle kom, ja, so kom hulle . . ." die gek geskeer met O.O.O.'s (Ou orde-ondersteuners) en van hulle gepraat as die ,,Nulkwadrate".

Hierdie mense het daarin 'n belediging gesien vir die party-politieke leier, dr. Malan, wat toevallig in sy akademiese hoedanigheid, kanselier van die Universiteit is, want in die gewraakte artikeltjie kom die volgende sin voor: ,,wat met veldm. Smuts wedywer om die posisie van Vyand No. 1 van die O.B."

Hoe durf die skrywer van die artikel nou in die liberalistiese demokratiese kringloop van die Ou Orde tog waag om die naam van die O.B. in verband met die Party te noem! Dis mos weer op eksklusiewe terrein tree!

Drade is getrek en studente is beduie dat hulle ,,twis en tweedrag" saai, en dat daar plan mag wees iemand te laat omkom. By mekaar is geroep 'n 500 uit 'n driemaal die getal studente en daar is besluit om die Senaat van die Universiteit te vra om ,,Die Matie" te verbied, te laat omkom. Die liberalistiese demokrasie is 'n wonderlike ding. Hy eien hom alle reg toe, maar ontsê ander die reg, ook met geweld.

Of die Senaat nou so ondemokraties en onakademies gaan wees om 'n kanselier se toga uit te trek en te verwissel met die eksklusiewe politieke mantel en 'n swaard om die A.N.S.-lede uit te delg, glo die volk nie, en sal die volk seker ook nie gedoog nie. Aan die adres van hulle wat die onderdrukkingsbeleid in hierdie geval mag goedkeur, dien die volgende mening, uitgespreek deur ,,Die Matie" en deur ons onderskryf:

,,Sedert die tyd van Adam was dit die normale reaksie van die submens om met fisiese geweld te dreig as hy die argumente van 'n swakker opponent nie kan beantwoord nie. Aangesien laasgenoemde nie deur die rede kan oorwin word nie, moet hy met geweld die swye opgelê word. 'n Beter erkenning van hul eie minderwaardigheid kon ons nie van ons teenstanders verlang het nie."

,,Die Matie" is 'n weeklikse koerantjie wat 'n plek in elke huisgesin dwarsdeur die land verdien — die stem van Jong Suid-Afrika.

# Program Vir O.B.-Fondsdag

Onderstaande is die program vir die O.B.-Fondsdag op 8 Augustus soos deur die Vroue-hoofde aanbeveel:

**I. OPENING:** Gebed en sing van Ps. 130: 4.

**II. Dag-funksie:**

(a) **Verkoping,** wat die vorm aanneem van 'n basaar of 'n kermis, met byvertonings, soos skyfskiet, en enige ander vermaaklikheid wat tipies Afrikaanse is.

(b) **Ligte Middagete:** Soep, pasteitjies en koffie, veral waar groot sametrekkings gehou word en waar die funksies in die oggend begin.

(c) **Middag:** Program vir jeugfront, bv. kompetisies soos pappegaaiskiet, jukskei, driebeen-reisies, ens. Pryse kan uitgeloof word. 'n Spesiale prys kan bv. uitgeloof word vir die beste volkspeelgroepie. Dit word sterk aanbeveel om avontuurlike sowel as persoonlike ondervindings in die worstelstryd vir vryheid aan die kinders op een of ander tyd die middag te vertel. Terselfdertyd kan die volwassenes hulle ook besig hou, veral met jukskei, volkspele en perdesport.

**III. AAND-FUNKSIE:**

5 n.m. Eerstens word u daarop gewys dat die aandprogram so moet ingerig word dat die funksie nie belemmer sal kan word deur reën of koue nie. Dit word aan die hand gedoen om voorsiening te maak vir die hou van die funksie in sale, indien nodig.

(a) **Braaivleis en gesellige verkeer.** Gedurende die braaivleis-funksie moet musiek verskaf word en liedere uit die O.B.-sangbundel gesing word.

(b) **Opveiling van skilderye,** geskenk deur komdte. Ferguson-Louw.

(c) Opstelling van kommando's.

(d) Die Lied van die Ossewa.

(e) Toesprake.

DIE STEM VAN SUID-AFRIKA.

Die kommando's word behoorlik opgestel met inagneming van die Jeugfront. Sodra die sprekers op die verhoog is, word die Lied van die Ossewa gesing.

Wat die toesprake betref, word aan die hand gedoen dat die twee hoogste manne- en vroue-offisiere kort toesprake lewer. Daarna word onmiddellik afgesluit met Die Stem.

. . . . . . . . . .

Volgens oproep van die K.G., daartoe versoek deur die vroue van die O.B., het genl. mev. J. S. du Toit, in oorleg met haar V.A.R.-dagbestuur bostaande program opgestel. Die bereidwilligheid van die hoof-vroue-offisier van Transvaal, Oranjie Vrystaat en Natal om die program soos opgestel te aanvaar, is reeds te kenne gegee. Nuttige wenke wat kan bydra tot stywing van die fonds en opwekking van die geesdrif sal hartlik verwelkom word deur die opsteller.

Die program kan uitgevoer word deur eenhede groter of kleiner na gelang van omstandighede, so gereël dat elke lid van die O.B. die geleentheid sal hê om aan die verrigtinge van die dag mee te doen.

Laat die slagspreuk wees: ,,Werk met toewyding, werk met liefde, werk met geloof vir God, Volk en Vaderland!"

## GEVANGENES EIS VERHOOR

Agt-en-vyftig persone wat in die Johannesburgse gevangenis aangehou word ingevolge die noodregulasies, terwyl aanklagte van beweerde ondermynende bedrywighede teen hulle ondersoek word, het 'n ernstige versoek aan die Kommissaris van Polisie en die Prokureur-generaal gestuur dat hulle nie later as 22 Mei verhoor of losgelaat moet word, berig die Vaderland van 19 Mei.

In die versoek, wat deur hulle 'n ultimatum genoem word, verklaar hulle dat die omstandighede waaronder hulle aangehou word, enige beskaafde land tot skande strek. Hulle het gedreig dat indien die antwoord op hul versoek nie bevredigend is nie, hulle tot stappe sal oorgaan om hul regte te verkry. Vermoed word dat hulle 'n hongerstaking beoog.

Op 21 Mei is berig dat vyftig manne wat in die Johannesburgse gevangenis aangehou word, op aanklag van hoogverraad binnekort sal verskyn. Dit staan vermoedelik in verband met die versoek.

Onthou sal ook word dat genl. J. A. Smith, A.K.G., onlangs in Transvaal op vergaderings geëis het dat die owerheid die gevangenes nou moet verhoor of loslaat.

Omdat die mense op die grond moet slaap sonder beddens, aangesien daar volgens die tronkowerheid nie genoeg beddens is nie, doen genl. J. D. Jerling, A.K.G. van Transvaal, 'n beroep op die publiek om kampbeddens vir die manne. Die Superintendent van die tronk het glo ingewillig om sulke kateltjies toe te laat. Dit kan regstreeks aan die Transvaalse hoofkwartier gestuur word.

(Vervolg van bls. 4)

## POEDELNAAKTE PARTYPOLITIEK

**nie los ten einde dat een van ons Senatore** (Van Schalkwyk) **kan rondgaan en aan die mense in die kiesafdeling kan verkondig: ,Ek het dit bewerk dat daardie persone almal losgelaat is' om sodoende te help dat die teenkandidaat van ons Party . . . verkies kan word."**

**Senator Van Schalkwyk:** ,,U laat die kat uit die sak."

**Senator De Villiers:** ,,Ek praat die eerlike waarheid. Waar my vriend met die verkiesing gehelp het so hard hy kon, het hy gegaan om daardie mense los te kry, sodat hy kan uitlaat: ,Ek het hierdie en daardie persoon losgekry' om sodoende die teenkandidaat van ons Party verkose te kry."

Volgens senator Bruckner de Villiers dus moet die seuns **gestraf word** en moet hulle nie losgelaat word nie **omdat senator Van Schalkwyk dalk sou sê dat hy hulle gehelp het!**

So lyk partypolitiek. Dit is nie sen. De Villiers wat sleg is nie, maar die stelsel waarvan hy 'n slagoffer is, vereis so 'n optrede van hom.

SASBANK
Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

*Die Trop Afrikaners . . . .*
VENTERS
Algemene Handelaars
Teekamer en Garage
van CAPITOL PARK
(Foon 2-6614)
Is My Handelsplek

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!
*Fondse oorskry £1,800,000.*
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

105 Takke 40,000 Lede
AVBOB
Reserwe-fonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

KRAALMIS

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 29/- |
| 20 ton en meer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 28/- |
| 40 ton en meer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 27/- |
| In kliënte se sakke .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 18/- |
| Potas mengsel (mis en as) .. .. .. .. .. .. .. | 40/- |
| Potas (mis as) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 40/- |

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke, gelewer Unie stasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hammermeulgemaald, spesiaal voorberei vir Kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. Bank Referensie: Volkskas, Port Elizabeth.

B. J. ROODE
Posbus 15, Klipplaat.

HAVENGA SE MOTORS
Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
Posbus 45 — CERES

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geinterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3,196 | 0 | 2 |
| Observatory Manne- en Vroue-Kommandos en Woodstock Kommando | 10 | 0 | 0 |
| Lys 565 Vroue-Kommando Eppingtuindorp .. | 1 | 14 | 0 |
| Maandelikse bydrae Velddrift .. .. .. .. | | 7 | 0 |
| 2de Bydrae Elliot Kommando .. .. .. .. .. | 1 | 13 | 0 |
| Lys 237 Manne-Kommando Jansenvalle .. .. | 9 | 6 | 0 |
| Jeugfront Seuns en Dogters Marchand .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Lys 26 Dordrecht .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 6 | 0 | 0 |
| Herholdt Kommando Uniondale 2de bydrae | 25 | 0 | 0 |
| Mnr. Jan Ras, Porterville .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Lys 143 Swellendam .. .. .. .. .. .. .. .. | 4 | 4 | 0 |
| Mnr. N. J. G. van der Westhuizen Montagu | | 5 | 6 |
| Totaal: | £3,259 | 19 | 8 |

## VRYSTAAT SE BYDRAE TOT 30 APRIL

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | £951 | 19 | 8 |
| O.V.S. Bydraes ontvang deur Sekretaris Noodhulpfonds Johannesburg | 420 | 15 | 6 |
| Vryburg-Generaalskap .. .. .. .. .. .. .. | 100 | 0 | 0 |
| Bloemfontein Spoorweg Dames-Kommando | 90 | 13 | 3 |
| Winburg-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 70 | 0 | 0 |
| Memel-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 55 | 12 | 8 |
| Lindley-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 78 | 12 | 0 |
| Vrede A-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 40 | 3 | 9 |
| Bloemfontein Dames-kommando .. .. .. .. | 34 | 0 | 0 |
| Remskoen Dames-kommando, Bloemfontein | 30 | 0 | 0 |
| Vredefort Mans-kommando .. .. .. .. .. | 30 | 0 | 6 |
| Fouriesburg Dames-kommando .. .. .. .. | 28 | 10 | 0 |
| Koppies-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 25 | 0 | 0 |
| Vaalrivier Vroue-kommando .. .. .. .. .. | 20 | 10 | 3 |
| Frankfort-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 20 | 3 | 0 |
| Phillippolis-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 14 | 16 | 3 |
| Bloemfontein-Generaalskap .. .. .. .. .. | 13 | 7 | 3 |
| Kroonstad-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 11 | 3 | 4 |
| L. J. Nel en familie Bothashoek, Kaallaagte | 12 | 0 | 0 |
| M. D. du Plessis en familie Nooitgedacht, Kaallaagte | 12 | 0 | 0 |
| Edenburg-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 12 | 3 |
| Kestell-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 7 | 10 |
| Reitz A-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Vriend, Bloemfontein .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Vriend, Phillippolis .. .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Generaal H. A. J. du Toit .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Bothaville-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 9 | 14 | 0 |
| Tafelberg-kommando, Senekal .. .. .. .. | 8 | 0 | 0 |
| Bethlehem-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 7 | 4 | 1 |
| Boshoff Vroue-kommando .. .. .. .. .. .. | 6 | 9 | 6 |
| Edenburg Mans-kommando .. .. .. .. .. | 6 | 18 | 4 |
| Petrus Steyn Vroue-kommando .. .. .. .. | 6 | 0 | 0 |
| Dr. Groenewald, Bloemfontein .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| W. J. Robinson, Phillippolis .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Bultfontein-kommando .. .. .. .. .. .. | 4 | 17 | 0 |
| Bethulie-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 4 | 4 | 3 |
| Vredefort Vroue-kommando .. .. .. .. .. | 3 | 17 | 7 |
| Dr. v. Hoepen, Bloemfontein .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| Mev. Generaal J. F. v. d. Merwe .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Viljoenskroon-kommando .. .. .. .. .. | 1 | 15 | 0 |
| Vlakte-kommando, Bloemfontein .. .. .. | 1 | 10 | 6 |
| Brandfort-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 1 | 10 | 6 |
| Cornelia-kommando .. .. .. .. .. .. .. .. | 1 | 14 | 6 |
| Ploegstert Dames-kommando, Bloemfontein | 1 | 10 | 0 |
| N. F. Kotze, Victoriaweg, Bloemfontein .. | 1 | 10 | 0 |
| Petrusburg-kommando .. .. .. .. .. .. .. | 1 | 4 | 0 |
| Vriend .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| B. H. v. Rensburg, Oorlogsmuseum, Bloemfontein | | 5 | 0 |
| Mev. Greyling, Rodenbeck .. .. .. .. .. | | 2 | 6 |
| C. H. Jacobs, p/s. Koedoesnek .. .. .. .. | | 2 | 6 |
| Totaal | £2,204 | 6 | 9 |

Bedrag van £100 vir Kimberley-Generaalskap wat in 25 Maart se O.B. verskyn het, moet wees Vryburg-Generaalskap.


**BELÊ U GELD**
waar dit van
**3½% tot 5%**
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
**SPOORBONDKAS BEPERK**
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.



## TAFELBERG LANDBOUPRODUKTE

HIER is goeie tyding! 'n Saak wat Landbouprodukte verkoop en uitsluitlik deur blankes beheer word, is tot u diens. Ons lewer Vars Groente, Vrugte en alles wat die boer produseer, oral in die Skiereiland af, waar u ookal mag woon. Alles wat u van ons koop word **SLEGS** deur **BLANKES** gehanteer. Tot dusver het u altyd daaraan getwyfel of die produkte wat u gekoop het skoon behandel is. Nou kan u GERUS wees dat dit skoon is. Laat u sorge oor groente en vrugte in ons hande en wees gerus. Vertel asseblief u vriende van ons wanneer ons u tevrede gestel het. J. A. ROELOFSE, Bestuurder, Foon 7-4803, Kerkstraat, Wynberg.


## VOLKSPELE

DIE BELLVILLE VROUE-KOMMANDO HOU 'N VOLKSPELE-AAND
in die
KERKSAAL, BELLVILLE
*op 13 Junie 1942, om 7 n.m.*
PANNEKOEK EN ALLERHANDE LEKKERNYE SAL TE KOOP AANGEBIED WORD
Toegang 3d.
*KOM SEKER!!!*

## O.B.-Konsert

DIE KAAPSTADSE MANNE-KOMMANDO
hou 'n
**Verskeidenheids-Konsert**
in die
J. C. HOFMEYRSAAL
op
*Donderdag, 11 Junie 1942*
*om 8 uur n.m.*
O.B.-Orkes, Sang, Samesprake, Voordragte, ens.
**Opbrengs ten behoewe van die INTERNERINGSFONDS.**
Plekbespreking by:
PIENAAR SE HAARSNYSALON,
Wandelgang, Groote Kerkgebou,
(Tel. 3-1047)
Pryse: 2/6, 1/10. Kinders 1/-.


**TE KOOP**
*Opreg en Suiwergeteelde*
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND BULLETJIES
en
GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME
*Pryse Billik!!*
Tevredenheid Gewaarborg.
Besonderhede van:
T. B. JORDAAN
P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### DOODSBERIG

MEV. JANETTA SNYMAN, eggenote van mnr. P. J. Snyman, Oogkundige, Oudtshoorn, K.P., sag heengegaan aan haar woning Dinsdagaand, 19 Mei 1942, om 8 n.m. in die ouderdom van 34 jaar en 7 maande.
Die bedroefde eggenoot en kinders.
Hoogstraat, Oudtshoorn.

### VERJAARSDAGWENSE

Die offisiere en manskappe van die Hou-Koers-Kommando (dames) wil hiermee hulle kommandante, mevr. S. W. v. d. Merwe, gelukwens met die herdenking van haar geboortedag. Mag sy nog vele jare gespaar bly en mag die Here haar seën met nog 'n groter mate van gesondheid, liggaamskrag, werklus en Brandwagywer — tot besieling van haar vriende, tot nut van haar ewemens, en tot voordeel van ons hele volk.

Mag sy as huisvrou, moeder, vriendin en kommandante nog baie vreugde belewe van die uitvoering van haar pligte en verpligtinge.


Tempe, Bloemfontein.

### BETREKKING GEVRA

JONG AFRIKANER, 20 jaar oud, — was 18 maande op universiteit, nou besig met privaat studie — soek betrekking tot diens van sy volk, of by eg Afrikaanse prokureursfirma. Moenie uitstel nie, skryf dadelik aan P. J. Oosthuysen, P.K. Tylden, K.P.

### TE KOOP

EEN **Allis Chambers Band Trekker** met 3-skaar **Moline Trekker Ploeg**; albei in goeie werkende orde. Pryse billik. Skrywe aan **Kemp, Bus 16, KIRKWOOD.**



## VERLOWING

**Die verlowing** van **mej. Ileana du Toit,** jongste dogter van **dr. en mev. J. S. du Toit,** van **,,Vreugde'', Seepunt,** met **Hoofkommandant adv. J. de Vos,** seun van **mnr. en mev. P. J. de Vos, van ,,Eendrag'', Worcester,** is verlede week bekend gemaak. Die verlowing is feestelik gevier ten huise van **dr. en mev. du Toit. Dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag,** het die heildronk op die verloofdes ingestel en die verloofde jonkman het geantwoord. **Mej. Du Toit is** 'n tweedejaarse mediese student aan die Universiteit van Kaapstad; en haar verloofde is **Sekretaris van Die Beheerraad van die Ossewabrandwag in Kaapland.**


**SKOUBURG**
**Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**
Woon u eie bioskoop by
**SATERDAG, 30 MEI,**
om 3 en 8.15 n.m.
Ons vertoon:—
**CHARLES BOYER** en **HEDY LAMAR**
in
**ALGIERS.**
'n Baie goeie voorprogram.
Plekbespreking by Uniewinkels.


### GEVRA

MANS korrespondente word dringend benodig. Ons het baie dames om mee te korrespondeer. Skryf aan Posbus 1642, Kaapstad vir besonderhede en stuur gefrankeerde koevert.

### TE KOOP

WEENS swakke gesondheid wens adverteerder sy Losieshuis vir studente te Stellenbosch gedurende die volgende wintervakansie oor te maak. Plek vir 30 tot 35 studente. Meubels, linne, en breekgoed, tafelgereedskap, groot nuwe yskas en wasmasjien, Kombuisbenodighede, skilderye, gordyne, kortom alles inbegrepe. Benodigde kapitaal ongeveer £1,000 tot £1,200. Huur baie billik. Rig aansoeke aan **,,Adverteerder,'' P/a. ,,Die O.B.,'' Kamer 916, Groote Kerkgebou, Kaapstad.**

### STAFVERPLEEGSTERS

BENODIG deur 'n Kaapstadse Afrikaanse-verpleeginrigting vir betalende blanke pasiente. Skryf met volle besonderhede aan ,,VERPLEEGSTERS,'' p/a. ,,DIE O.B.,'' Groote Kerkgebou, 916, KAAPSTAD.

### APPELS

**APPELS:** Rome Beauty, Pearmain, Ohenimuri, **10/6** per kissie. K.M.B. of K.B.A. Leë inhouer terug.

**Kookappels** 6/6 per kissie. V.O.S. **B. J. STANDER, Privaat Possak, Westwood, Dist. George.**


### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

Duisende Klante vanaf Kaap tot aan Zambesi het maksimum sukses behaal met ons geakklimatiseerde **Vrugtebome.** Bestel nou vir **Junie, Julie, Augustus** planting en wees seker van Tevredenheid! Geïllustreerde Plantgids gratis.



**O.B. - Skryfblokke**
Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.
Bestel by:
O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.
Kamer 916,
GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.